



UNIVERSITEIT
VAN
JOHANNESBURG

DEPARTEMENT AFRIKAANS

N.P. VAN WYK LOUW-GEDENKLESING, 2014

Uit die ban van die stilte: N.P. van Wyk Louw en Elisabeth Eybers¹

N.P. van Wyk Louw Gedenklesing, 11 September 2014 – Universiteit van Johannesburg

Prof. dr. Ena Jansen VU, hoogleraar Suid-Afrikaanse letterkunde Universiteit van Amsterdam en Navorsingsgenoot Universiteit van Johannesburg

Inleiding

Dankie vir hierdie geleentheid, en vir almal wat vanaand hier is.

Ek wil u waarsku dat hierdie gedenklesing 'n hoë Mense Agter die Boeke-gehalte sal hê; ondanks N.P. van Wyk Louw se bekende wrewel teen die byhaal van biografiese omstandighede by die bestudering van letterkunde. Talle skakels tussen Louw en Eybers hou verband met hulle lewensverhale, met die stede Johannesburg en Amsterdam wat in albei se lewens van so 'n groot betekenis was. Ek sal van hierdie gegewens gebruik maak in my soektog na raakpunte tussen die digters wat moontlik lig kan werp op 'n raaiselagtige gedig in Louw se beroemde bundel *Tristia* uit 1962 met die naam 'Vir Elisabeth'. Die titel van my lesing, 'Uit die ban van die stilte', is enkele woorde uit daardie gedig.

Zuid-Afrika Huis

Eers wil ek kortliks praat oor 'n spesifieke plek in Amsterdam wat vir sowel Louw as Eybers belangrik was. Dié plek is die Zuid-Afrika Huis aan die Keizersgracht 141 in Amsterdam.¹ Baie van u was al daar, of anders miskien digby: dis om die hoek van die Westerkerk en die Anne Frankhuis.

¹ In die huidige vorm is my lesing 'n praatteks soos uitgespreek op 11 September 2014. Die status van hierdie lesing is dus dat dit nog "work in progress" is en wat betref akademiese diskussie "onder embargo" totdat dit gepubliseer word in 'n akademiese tydskrif. Die lesing word tans tot 'n akademiese artikel verwerk waarby die informele inleiding weggelaat sal word. Tydens die lesing is ongeveer 40 powerpoint-foto's vertoon waarna hier in 'n paar gevalle verwys word. Ek het die *Tristia*-werkboeke in die Dokumenta-afdeling van die J.S. Gericke-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch geraadpleeg. Hartlike dank vir die hulp van die vriendelike personeel. Dankie ook vir vriende soos Marlene van Niekerk en Helize van Vuuren met wie ek voor die lesing oor die gedig kon gis. Ook baie dankie vir mense wat ná afloop van die lesing op 'n verhelderende wyse met my kom gesels het oor die trein-beeld.

Die Zuid-Afrika Huis is die knooppunt van my eie verbintenis met sowel Louw as Eybers. Ek vermoed trouens dat ek die uitnodiging om die Van Wyk Louw-lesing te hou te danke het aan daardie plek, 'n gragtehuis waar ek al jare my fiets onder aan die trap vasketting. Veertig jaar gelede het ek vir die eerste keer my voet oor daardie drumpel gesit. Heelwat later, sedert 2002, beklee ek die leerstoel wat dikwels deur Suid-Afrikaners die Van Wyk Louw-leerstoel genoem word. Ek het Louw nooit ontmoet nie, maar vir Elisabeth Eybers het ek goed geken. 'n Paar weke ná haar dood op 1 Desember 2007 het ons haar boekery in 'n spesiale Eybers-kamer in die Zuid-Afrika Huis uitgepak. 'n Katalogus is van haar boeke gemaak wat via die webwerf van die Zuid-Afrika Huis toeganklik is. Ek laat u hierby 'n foto sien van haar stukkend-geleesde woordeboeke.

Die Zuid-Afrika Huis, 'n 17^{de} eeuse gragtepand, is 'n baie goeie voorbeeld van wat Pierre Nora 'n *lieu de memoire* sou noem; dis kulturele erfgoed. Sedert die huis in 1923 deur ZASM aangekoop is, het omtrent alle Afrikaanse letterkundiges, taalkundiges, historici, teoloë en skrywers wat ooit in Nederland was bande met die huis.² In Junie 1964 het Ingrid Jonker glo haar gedig 'Wagtyd in Amsterdam' daar geskryf terwyl sy gesit en hoop het op briewe van André Brink. Die meeste gebruikers is Nederlandse en Suid-Afrikaanse studente en navorsers, maar mense kom ook van so ver as Amerika, Pole en Rusland om veral die ryk argief oor die Boereoorlog te raadpleeg.

In die huis word die biblioteek met die grootste versameling Suid-Afrikaanse boeke in Europa gehuisves: meer as 45 000 titels. Die Amsterdamse leerstoel 'Zuid-Afrikaanse letterkunde' is in 1933 vanuit die Huis deur die "Stichting tot bevordering van de studie van taal, letterkunde, cultuur en geschiedenis van Zuid-Afrika" ingestel aan die Universiteit van Amsterdam. Die Rotterdammer Gerrit Besselaar (1874–1947) wat klasgegee het in Pietermaritzburg was die eerste hoogleraar. Ná 'n lang onderbreking as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog is die leerstoel pas weer in 1950 hervat. Eers het Van Wyk Louw (1950–1958) en daarna Merwe Scholtz (1959–1962) die pos beklee totdat politieke druk ná Sharpeville en akademiese boikotaksies veroorsaak het dat die leerstoel later opgehef is. Ná die demokratiese omwenteling in Suid-Afrika is die tyd ryp geag vir die herinstelling van die leerstoel en is ek as eerste post-apartheid hoogleraar benoem.³

Op die solders van die Keizersgracht is 'n argief met stapels keurig-genommerde dokumente wat direk en indirek ook met die 'Stichting Leerstoel' te make het. Baie dokumente oor Louw word daar bewaar: van die beginperiode tot aan sy afskeid. Jaap Steyn het sy 1000 bladsy dik Louw-biografie onder meer aan die hand hiervan geskryf. Louw se briewe aan die here Middelberg en Broekman van die Stichting Leerstoel is die oudste dokumente van Louw in die argief. Sy briewe dateer uit Maart en April 1947 in antwoord op die Nederlandse menere se dringende uitnodiging van meer as 'n jaar eerder om na Nederland te kom as hoogleraar. Louw wyt die lang vertraging in sy antwoord aan veral "huislike moeilikhede": "die geboorte van 'n dogter, verstorings in huis weens die lang vakansie, en dan nog die vernaamste rede, nl. dat my planne nog so onseker is." Uiteindelik het Louw wel in Februarie 1950 in Amsterdam aangekom as die eerste na-oorlogse hoogleraar Afrikaanse taal- en letterkunde. Talle invloedryke Afrikaanse letterkundiges het sy klasse in die Huis gevolg of ook by hom gepromoveer: onder andere Merwe Scholtz, Rialette Wiehahn, T.T. Cloete, F.I.J. van Rensburg, Ernst Lindenberg, Roy Pheiffer en Elize Botha.⁴

In die argief van die Zuid-Afrika Huis is daar ook dokumente in verband met Louw se afskeid op 20 Junie 1958 in die Park Hotel aan die Stadhouderskade. Twee sale is bespreek en talle besonderhede word verstrekkend oor die aand. 35 persone sou 'n aperitief gebruik waarbij "een zoutje" bedien is. Om half 7 staan die koue buffet dan gereed waarby 'n "kop bouillon" "geserveerd" is. Daarna het Louw van sy gedigte uit *Nuwe verse* bespreek. Al die gedigte, van "die katstert en die angelier/ verlede jaar was die kind nog hier" tot by "hy kou die vuur/ en die blink in sy bek/ sy nek is tot/ by sy stert gerek", is in getikte vorm te vinde in een van die Louw-argiefdose. Elisabeth Eybers en haar man was toevallig tydens 'n sakereis in Amsterdam by die afskeidseleentheid aanwesig.⁵

En dit bring my van die Zuid-Afrikahuis, wat destyds nog die Van Riebeeckhuis genoem is, terug by Louw en Eybers.

Behalwe Amsterdam het ook die stad Johannesburg 'n groot rol gespeel in die lewens van sowel Eybers as Louw. Eybers was trouens die koppelaar, die *go-between* om Louw te oorreed om vanuit Amsterdam Johannesburg toe te kom in 1958. Kort daarna, in 1961, het sy egter op haar beurt van Johannesburg na Amsterdam verhuis, die stad wat Louw kort vantevore verlaat het.

Maar laat ek begin met portrette van Louw en Eybers om ons geheue te verfris oor die hoofrolspelers in my betoog vanaand.

N.P. van Wyk Louw en Elisabeth Eybers

Louw en Eybers is albei in die vroeë 1900's gebore; hy in 1906 en sy in 1915. Albei was dorpskinders wat as tienerjariges na stede getrek en daarna altyd stedelinge gebly het. Albei het na Engelse universiteite gegaan en 'n enorme liefde vir hulle plattelandse herkomsomgewings behou; ook dikwels vertel van die besondere soort Afrikaans wat in onderskeidelik die Karoo en die Wes-Transvaal gepraat is. Eybers was meer lakoniek oor haar digterskap as die profeties-serieuse Louw, maar ook sý was deurdronge van haar geroepenheid as digter.

Louw het maar 64 jaar oud geword; Eybers 92. Terwyl Louw tydens die laaste paar jaar van sy lewe in Johannesburg slegs 'n handvol gedigte geskryf het en ná *Tristia* in 1962 nooit weer 'n bundel gepubliseer het nie, het Eybers ná haar eerste Amsterdamse bundel in 1962 nog 12 ander bundels gepubliseer. Louw het wel baie ander werk soos kritiese opstelle en drama's gepubliseer, maar sy bundel *Versamelde gedigte* beslaan slegs 340 bladsye; Eybers s'n meer as 800.

N.P. van Wyk Louw (1906-1970)

Louw was 14 en sy broer Gladstone ongeveer 9 jaar oud toe sy ouers met hulle van die koudste plek in die land, die Karoo-dorp Sutherland, na Kaapstad verhuis het. Die Louws het 'n huis genaamd Bella Vista in Bo-Oranjestraat 41 gekoop, direk langs Waal-park, dus aan die

onderkant van Oranjezicht. Moltke Louw was 'n welvarende plattelandse prokureur, maar het vroeg afgetree omdat hy wou sorg dat sy seuns 'n goeie stedelike skoolopleiding ontvang. Die Louw-seuns is na die beroemde Engelse seunsskool SACS gestuur en later na die Universiteit van Kaapstad. Van Wyk Louw het in pedagogiek gespesialiseer en 'n beskeie lektorspos in die opvoedkunde-departement beklee terwyl sy roem ondertussen as digter van die jong Afrikaanse letterkunde gestyg het en hy in 1950 op 43-jarige leeftyd Amsterdam toe is om hoogleraar Suid-Afrikaanse letterkunde te word.

Louw en sy tweede vrou Truida het agt stormagtige jare in Amsterdam deurgebring totdat hy in Julie 1958 teruggekeer het Suid-Afrika toe. Hy het hoof van die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand geword en in Julie 1958 sonder sy gesin in Johannesburg aangekom. Aanvanklik het hy in 'n woonstel in Hillbrow gebly: Roseacres 605 in Goldreichstraat (Steyn 845). Te midde van alle aanpassings by Wits het hy in die hoop op en in afwagting van sy gesin se koms 'n splinternuwe Mercedes-Benz tipe 190 Ponton Sedan aangeskaf. (foto op internet). Truida en hulle kinders was steeds in Amsterdam. Truida het goeie radiowerk by die Wereldomroep in Hilversum gehad en 'n goeie inkomste. Bowendien het sy 'n ernstige verhouding met 'n Nederlander gehad. Alhoewel sy en Louw ondanks alle probleme deur die jare heen onder dieselfde dak in Amsterdam bly woon het en dikwels wel uitstekend met mekaar oor die weg gekom het, het sy baie daarteen opgesien om terug te keer Suid-Afrika toe waar Louw se verhouding met Sheila Cussons en hulle jarelange huweliksprobleme 'n publieke geheim was. Louw het egter bly soebaat en meer as ses maande ná hom, op 15 Januarie 1959, het Truida en hulle twee kinders Reiniet en Peter per vliegtuig in Johannesburg aangekom en hulle by hom aangesluit.

'n Maand later, in Februarie 1959 het die Louws 'n dubbelverdiepinghuis langs die Emmarentia-gholfbaan gekoop waar hulle ongeveer tien jaar lank gewoon het. Die adres was Kinrossweg 1, Parkview. Louw was gelukkig by Wits en het 'n groot rol gespeel in openbare debatte oor reg en geregtigheid, sensuur en stemreg. Hy was 'n Broederbonder, maar algemeen bekend is sy latere botsings met H.F. Verwoerd.

Omdat Louw hartprobleme ontwikkel het, het Louw, Truida en Peter in Desember 1969 na 'n gelykvloerse huis in Linden getrek. Hy het in die tyd dikwels las gehad van allerlei kwale wat opgeteken is in logboeke wat Truida oor sy gesondheid bygehou het, Die Doofpot I en later Die Doofpot II. Die kleiner woning in Agste Straat 14, Linden (Steyn 1115) was eerder soos 'n ruim woonstel omdat daar min vertrekke was. Die huis het wel 'n halfakker erf gehad. Ses maande ná die verhuising, kort ná sy 64ste verjaardag, is hy in die nag van 17 op 18 Junie 1970 oorlede. Teen die einde van sy lewe was hy diep gelowig.

Oor Kaapstad, spesifiek Clifton (VG 294), en veral die Karoo, het Louw pragtige gedigte geskryf, oor Amsterdam verbasend min : ek kon slegs 3 opspoor (VG 237, 241, 306). Oor Johannesburg is daar geen enkele lokaliseerbare gedig nie.

Elisabeth Eybers (1915-2007)

Elisabeth Eybers se pa het vanaf 1916, dus 'n jaar ná haar geboorte op Klerksdorp, die NG Kerk-predikant van die Wes-Transvaalse dorp Schweizer-Renecke geword. Sy het daar

gematrikuleer en is op 17-jarige ouderdom na die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg waar sy in 'n koshuis op die kampus gebly het terwyl sy vir 'n BA-graad (1934) en BA-honneurs (1936) gestudeer het. In Desember 1937 is sy op 22-jarige leeftyd getroud en het saam met haar man Albert Wessels en hulle 4 kinders in verskeie woonbuurte van Johannesburg gewoon totdat hulle hulle in Emmarentia, in Gambiaweg 22, gaan vestig het. Dit was haar laaste Johannesburgse adres voordat sy in 1961, 46 jaar oud, geskei is van Wessels wat ondertussen 'n nywerheidsreus geword het. Eybers het na Amsterdam verhuis saam met haar jongste dogter Jeanne. Die aanvanklike bedoeling was dat hulle net vir 'n jaar sou weggaan, maar Eybers het 46 jaar lank, die tweede helfte van haar 92 jaar, in die Nederlandse hoofstad gewoon. Sy is daar op 1 Desember 2007 oorlede en in die pragtige Zorgvlied-begraafplaas langs die Amstel begrawe. Die grootste deel van haar lewe was sy agnostikus.

Eybers het Johannesburg en Amsterdam eksplisiet in talle gedigte beskryf. Veral nadat sy in Amsterdam gaan woon het, sou die verlore ruimte van die Witwatersrand vir haar 'n bron van verlange en inspirasie wees. Vanuit Amsterdam het sy byvoorbeeld in haar gedig 'Winter' (VG 371) Johannesburg by name genoem. Wanneer die 'ses stopverfmaande' van 'n Nederlandse winter 'soos 'n eindeloos eenkleurige vlakke/ van suigende kluite' voel waardeur sy haar 'klewerige stewels moet sleep', vergelyk sy dit met die soort winter wat sy vroeër geken het:

Nou dink ek aan Julie in Johannesburg
geslinger oor heuwels deur holties
[...]

Holderstebolder klouter
die binnestadtoringe die lug in
[...]

Oordag brand die son en snags vries dit
twee keer per etmaal oorbrug jy
die grens met 'n verende sprong
en elke keer tintel jy anders

Ook Amsterdam is in talle gedigte lokaliseerbaar. Veel meer as Louw was Eybers digter van die stede waarin sy gewoon het.

Konneksies tussen Van Wyk Louw en Eybers?

Toe hulle as sogenaamde Dertiger-digters van mekaar se werk begin kennis neem het, het Eybers in Johannesburg gewoon en Louw was in die Kaap. In onderhoud het sy vertel dat sy groot waardering vir sy werk gehad het, maar nie deur hom beïnvloed was nie. Hulle werk is inderdaad baie verskillend. Louw het op sy beurt ook groot waardering vir Eybers gehad. Oor haar debuutbundel *Belydenis in die skemering* het Louw op Nuwejaarsdag 1937 aan sy broer Gladstone geskryf dat dit vir hom die belangrikste werk van 1936 was; die 'verse oor "Maria" het daelank in ... (sy) kop gemaal'.

Danksy Steyn se biografie van Louw kan die verloop van persoonlike en literêre kontakte tussen die digters afgelei word. Bronne wat Steyn gebruik het was behalwe die Keizersgracht-argief onder andere dertien briewe van Eybers wat in die Van Wyk Louw-versameling op Stellenbosch bewaar gebly het. Hoe dikwels en by watter geleenthede het die digters kontak met mekaar gehad? Hulle vriendskap kan in vier fases verdeel word. Veral twee van hierdie fases is potensieel belangrik vir 'n interpretasie van daardie enigmatiese gedig 'Vir Elisabeth' waarby ek nog sal uitkom.

1. Die eerste periode van ontmoetings tussen Louw en Eybers was tussen 1939 en 1950. Ongeveer tien briewe van Eybers aan Louw is uit hierdie periode bekend en word in Stellenbosch bewaar.

Die eerste briewe is nog formeel, maar spoedig ontwikkel 'n vriendskap tussen Eybers en haar man Albert Wessels en Louw en sy tweede vrou Truida. Die aanhef van Eybers se briewe verander van 'Geagte mnr. Louw' na 'Beste van Wyk' en later 'Liewe van Wyk'. Aanvanklik is sy saaklik, maar ook openhartig. Steyn skryf: 'Hoewel hulle nie so dikwels met mekaar in aanraking was nie, het die Wesselse en Louws baie van mekaar gehou. Truida en Elisabeth was van hul eerste ontmoeting af goeie vriende, en die vriendskap het deur gereelde kuiers en gereelde briewe tot diep in hul tagtigerjare nog in 1998 voortgeduur. Albert en Elisabeth se seun Bert is 'n peetkind van Wyk en Truida, en laasgenoemde se dogter Reineth Elisabeth is na Elisabeth genoem.' In September 1942 is die Wesselse spesiaal Kaap toe en het in die Clifton Hotel tuisgegaan sodat hulle die Louws, wat op Clifton se Tweede Strand gewoon het dikwels kon sien. Op die vooraand van die Louws se vertrek na Nederland in Julie 1948 toe 'n eredoktoraat in Utrecht aan Louw toegeken is, was Eybers en Wessels aanwesig by 'n partytjie vir hulle aan huis van M.P.O. Burgers.

2. Die tweede periode van kontak was tydens Louw se verblyf in Amsterdam, dus tussen 1950 en 1958. Louw en Eybers het mekaar enkele kere ontmoet tydens Europese besoeke wat Eybers, meestal saam met haar man Albert, afgelê het. Geen briewe van Eybers aan Louw is uit die jare 1950 tot 1956 bekend nie, maar in **1957** het sy drie belangrike briewe aan hom geskryf: op 31 Januarie, 21 Maart en 9 Augustus. Soos reeds vermeld was Eybers in 1957 die 'go-between' om Louw te oorrede om aansoek te doen vir die posisie van hoogleraar Afrikaans & Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand. Die pos het vakant gekom nadat C.M. van den Heever siek geword het en die pos moes neerlê. Eybers het in die drie briewe aan Louw verduidelik wat die posisie by Wits behels het en waarom Johannesburg vir 'n kreatiewe en private mens soos Louw 'n aantreklike opsie sou kon wees. Ek wil graag van hierdie argiefmateriaal aan u laat sien. Sy skryf byvoorbeeld dat Wits nie 'jingoïsties' is nie en dat Johannesburg by uitstek dié plek in Suid-Afrika is 'waar mens vryheid van denke en spraak geniet'.

3. Die derde periode van ontmoetings was terwyl Louw en Eybers albei in Johannesburg gewoon het ná Louw se terugkeer uit Amsterdam in Junie 1958 en totdat Eybers minder as drie jaar later self na Amsterdam sou vertrek eind-April 1961. 'n Mens mag aanneem dat hulle mekaar toe gereeld sou gesien het en dat daar geen nodigheid vir korrespondensie was nie. Soos die kraai vlieg skat ek dat hulle in Johannesburg meestal nie meer as vyf kilometer van mekaar gewoon het nie. Louw het byvoorbeeld "n aangename aand" in November 1958

by Albert Wessels en Elisabeth Eybers deurgebring (Steyn 865) terwyl hy nog alleen in Hillbrow gewoon het. Hulle was ook aanwesig by Louw se dogter Nakkie se huwelik met die jong uitgewer Koos Human. Ná Truida se koms sou die twee vroue mekaar gereeld sien. Voordat Eybers na Nederland vertrek het eind-Mei 1961 het 'Truida vir die afskeidsonthaal aan 35 mense warm ete verskaf'. By talle belangrike momente in hulle privaatleuens was Eybers en Louw dus oor en weer aanwesig.

4. Die vierde periode van potensiële kontak tussen Louw en Eybers was **nadat sy in Mei 1961** in Amsterdam gaan woon het. Uit dié jare tot aan Louw se dood in **1970** is egter geen korrespondensie van Eybers aan hom in Stellenbosch bewaar nie. Steyn vermeld ook geen verdere ontmoetings tussen Louw en Eybers nie.

Briewe áán Eybers uit dié jare is onlangs deur haar dogters aan die Letterkundige Museum in Den Haag geskenk – jammer genoeg kon ek dit nog nie deurwerk nie en ek weet dus nie of daarin enige briewe van Louw aan haar bewaar is nie. Ook weet ek nie of en waar Truida Louw se korrespondensie bewaar is nie.

Tristia

Louw het bykans 12 jaar aan *Tristia* gewerk voordat dit in 1962 gepubliseer is. Volgens die titelbladsy is die gedigte daarin tussen 1950 en 1957 geskryf, dus tydens Louw se verblyf in Amsterdam. Reeds in die Nederlandse winter van 1956/1957 het Louw planne gemaak vir die publikasie daarvan (Steyn 793). Vir dié van ons met uitstelgedrag is die publikasiegeskiedenis van *Tristia* bemoedigend. Op 24 Augustus 1958 het Louw in 'n brief aan Philip Grobler na homself as 'n 'uitstel-gat' verwys: 'Ek kom nie tot afstuur nie. Iets of iemand moet my van agter skop, dan kom dit dalk los. En op die oomblik het ek soveel te doen dat die bed in die aand vróég reeds welkom is.'

Rusies met Truida wat die verse oorgetik het en die openbaarmaking van die liefdesgedigte vir Sheila Cussons as verraad aan haarself beskou het, het volgens Steyn sekerlik tot verdere vertraging bygedra. 'Groet in bruin' met die reël 'Lieflike, klein, vrou: in die stralende eerbied/ wat ek, lopend, aandagtig, vir jou bied' het haar byvoorbeeld gegrief. Truida het baie moeite met die publikasie gehad, maar het tog haar besware laat vaar en erken: 'dis sulke verdomp mooi gedigte [...] en hulle verdien publikasie'. Dat Louw sy bundel aan sy jong kinders Reiniet en Peter opgedra het, moet dan ook as 'n versoenende gebaar jeens sy vrou beskou word. Uiteindelik is die bundel in 1962 gepubliseer, by Human & Rousseau, die uitgewery wat toe pas deur Louw se skoonseun Koos Human opgerig is.

'Vir Elisabeth'

Ek lees nou die gedig 'Vir Elisabeth' aan u voor. *Tristia*-kundiges soos Helize van Vuuren verseker my dat niemand nog 'Vir Elisabeth' probeer uitpluis het nie. JC Steyn verwys in sy Louw-biografie glad nie daarna nie, ook nie JC Kannemeyer in sy literatuurgeskiedenis nie. Wel is daar 'n kort en byna terloopse voorstel tot uitleg in Kannemeyer se *Dokumente van Dertig*. Miskien is daar in skripsies of proefskrifte wel analyses van die gedig, maar dit het ek

nie onder oë gehad nie en ek kon dus onbeïnvloed aan my eie speurtog begin. Myns insiens is dit 'n moeilike gedig en daarom ook moeilik om te lees.

XXXVI Vir Elisabeth

Sal ek die stilte byroep soos 'n brak
'siebie'-sê vir 'n natuurlike oorgang
die wat óm ons soos familiebesoek,
uitgewers en kommissie-vergaderings,
altyd ons menslikheid kom beklemtoon?
hy't nie my roep of my aanroep nodig!
Glimlaggend en byna hautain kom trek hy
een oggend in – wanneer ons nog jonk is
kom sit hy sy koffers neer en vertrek weer,
minag sy gasheer, vergeet die rekening
(ons kwel ons oor 'eerlik' en 'billik'
en 'afreken' – en oor inkomsteseëls
op die rekening – vir kras herbergiers
betaamlik die kwellings): hy bras 'n tyd
uit (jonk synde), selde gesien deur ons
behalwe op aande wanneer hy maters
en vroe-môre uitgekotste sardientjies
in ons eerlike gange laat lê. En dan,
wanneer ons oud word – (ook *hy*: ons besonder
stilte, ons toebedeelde stilte) dán word hy
vriendelik en toeskietlik en voorkomend:
dan weet ons hy't huisvas geword, en eie:

hy bly en hy woon en hy skuil: soos 'n ou-man
begin hy besit-neem deur swakheid,
deur klae, deur herinner (onthóú nié):
'hy weet dat hy altyd hier was'.

En ons self tree dan uit die ban uit,
tree dan uit die ban van die stilte, onthóú nie;
ry deur April-van-Vlaandere, uit in die Mei van Parys.
Waarom die stilte dan nóém!? Hy is hond
in die agterste wa van die trein; en kry seker kos (glo);
hy ry maar saampies, sy tjank begelei ons
ongeveer net soos familiebesoeke,
soos uitgewers, komiteevergaderings.

30 April / 1 Mei

Voordat ek my aan 'n interpretasie van die gedig waag wil ek kortliks na 'n viertal kwessies kyk wat tot 'n mate teks-ekstern genoem kan word. Om hierdie kwessies na te speur is sowel *Mens-Agter-Die-Gedig* gegewens as *Argiefmateriaal-Agter-Die-Gedig* van belang:

1. die opdrag
2. die datering van die gedig
3. die posisie van die gedig in *Tristia*
4. variante

Ek plaas hierdie kwessies in die konteks van *Tristia* as geheel. Ten slotte keer ek dan terug na die opdrag-kwessie om te probeer vasstel *waarom* Louw hierdie gedig juis so eksplisiet aan Eybers opgedra het (5.1 en 5.2). Wat sou die boodskap en doel daarvan kon gewees het? Wat wil Louw in verband met Eybers en homself, in verband met haar werk en syne benadruk?

1. Opdrag

Om die fondament van my lesing stewig te kry, moes ek eerstens seker maak dat die Elisabeth in die gedigtitel wel Eybers is. Personeellede van die Dokumentasie-afdeling van die Universiteit van Stellenbosch waar die *Tristia*-manuskripte bewaar word, was verbaas dat ek die vraag hoegenaamd gestel het; hulle het self vir geen moment getwyfel dat Eybers die Elisabeth van die titel sou wees nie en die gedig onlangs ook só ten toon gestel. Dit sou egter te gemaksgtig wees om sommer net te veronderstel het dat dit Eybers móét wees. Die Elisabeth sou immers ook 'n familielid of vriendin, 'n hondeliefhebster of treinentoesias kon wees. In die indeks van Jaap Steyn se duisend bladsye-dik biografie kom egter geen ander Elisabeth met 'n S as Eybers voor nie, sodat ek my neerlê, met graagte trouens, by die veronderstelling dat die gedig aan Eybers opgedra is.

2. Daterings van die gedig

Sommige gedigte in *Tristia* is in die manuskripte duidelik gedateer, maar in die gepubliseerde weergawe nie. 'n Markante voorbeeld is 'XII. Mei-fees in Amsterdam' (VG 237) waar die datering '1 Mei '50' nadruklik by die gedig in die manuskrip staan, terwyl dit in die gepubliseerde weergawe ontbreek. Oor sommige gedigte se datering is Louw selfs onseker. 'n Voorbeeld is 'XLVII (47). Kom aand. Kom, nag.' (VG 261): in die bundel is dit ongedateer, maar in die manuskrip staan '28 April', maar word drie jaartalle vermeld met 'n vraagteken daarby - '58, '59 of '57? Interessant genoeg plaas twee van hierdie jaartalle die gedig trouens buite die ontstaansperiode van die bundel wat Louw op die titelbladsy aandui as 1950-1957.

In werkboeke van *Tristia* sien ons dat die datum sonder jaartal waarop 'Vir Elisabeth' waarskynlik geskryf is, '30 April/ 1 Mei', in *alle* variante vermeld word – *én* bowendien, óók in die gepubliseerde bundel word hierdie datum gehandhaaf, iets wat heeltemal uniek in *Tristia* is. Dit is trouens ook die *énigste* gedateerde gedig in *Tristia*, iets wat die leser tereg nuuskierig maak waarom hierdie datum so belangrik vir Louw was.

Het Louw die gedig miskien geskryf terwyl hy gedink het aan die belang wat die maande April en Mei in 1950 vir hom persoonlik gehad het tydens sy verliefdheid op Cussons en word 'n verband dus met 'Mei-fees in Amsterdam' gelê? Dis verleidelik om op basis daarvan die gedigte in 'n verband te probeer lees. Nie net in die datering van 'Vir Elisabeth' nie, maar ook in die laaste strofe waarin staan: 'ry deur April-van-Vlaandere, uit in die Mei van Parys.'

Louw se verhouding met Cussons het volgens 'n potlood-geskrewe aantekening in sy dagboek hoogs-waarskynlik op 1 April 1950 begin. By dié datum staan, tussen aanhalingstekens: '18 days in which to love a man'. Steyn (577) vermoed dat dit woorde is wat Sheila teenoor Louw gebruik het: agtien dae tot 18 April, die datum waarop sy vrou Truida in die hawe van Antwerpen sou aankom. Sou Louw aan Eybers die boodskap wou gee om haar isolasie te verlaat, uit die ban van die stilte te tree? Wens Louw haar toe dat sy, soos hy in 1950, haar gevoelswêreld moet verruim: dat sy 'n nuwe Europese lente en *nieuw geluid* tegemoet moet gaan in 'n nuwe Europese omgewing, dat ruimtelike verbreding tot geluk en verbreding van haar werk sou kon lei: verby Vlaandere ('n streek van België waarvoor hy besonder lief was) tot in Parys ('n stad wat hy met sowel sy vrou as met Cussons besoek het).

In watter jaar die gedig 'Vir Elisabeth' geskryf is, kon ek ondanks soektogte via talle invalshoeke nie vasstel nie, nié op die variante van die gedig of op die talle voorlopige inhoudsopgawes waar na die gedig verwys word nie. Één keer kom Louw teregtend naby om die gedig se ontstaansjaar te onthul wanneer drie syfers van 'n jaartal, 195, sonder 'n vierde syfer, by die titel staan, maar dan selfs 'n streep daardeur kry. Danksy hierdie aantekening maar veral danksy die verskillende variante van die gedig in *Tristia* se manuskripboeke weet ons wel dat die gedig iewers in die 1950s geskryf is. Dit is belangrik om dit vas te stel. Ons weet dus dat die gedig beslis nie eers geskryf is toe Elisabeth Eybers in Mei 1961 Johannesburg daadwerklik al verlaat het en in Amsterdam gaan woon het nie.

Presies waneer Eybers met die idee begin speel het om na Amsterdam te verhuis, is nie duidelik nie. Wel is bekend dat die publikasie van 'n uitgebreide bloemlesing uit haar werk deur die Amsterdamse uitgewer G.A. van Oorschot (1909-1987) van invloed was. Hy het sy eerste brief aan haar op 17 Oktober 1956 geskryf en gesê dat hy 'ten zeerste ontroerd en getroffen' was deur haar gedigte; hy wou 'n 'Verzamelde gedichten' van haar uitgee. Eybers was baie gelei en het hom reeds 4 dae later geantwoord: op 21 Oktober 1956. Sy het in onderhoude toegegee dat haar 'hoofd op hol' gebring is deur al die aandag uit Amsterdam. Terwyl Eybers vanuit Gambiaweg in Johannesburg en Van Oorschot aan die Amsterdamse Heerengracht druk met mekaar aan die korrespondeer was, het Louw op die Amsterdamse Keizersgracht sy gewone gang gegaan. In dié tyd het hy self sterk begin dink aan die bundeling van sy gedigte tot dan toe en het ook reeds aan die titel as *Tristia* gedink. Hy het begin reëls tel. In sy werkboek meld hy dat hy op 13 Januarie 1957 al 1206 reëls klaar het, op 25 Maart 1478 en op 27 Maart 1680 (Steyn 793). [** Louw 248: 'Die oor-tik is werk vir 'n winter-vakansie.']

Of Louw vermoed het dat Eybers dalk verlief was op Van Oorschot soos wat hý jare eerder op Cussons was, kán aan 'Vir Elisabeth' ten grondslag lê: dat hy haar wou aanmoedig om 'n nuwe wêreld te verken en uit die ban van stilte in Johannesburg uit te kom. Maar dit is

absoluut slegs 'n gissing en een wat glad nie ondersteun kan word uit die 'Mense-Agter-die-Boeke'-gegewens waaroor ek tans beskik nie. Moontlik sal korrespondensie tussen Truida Louw en Eybers ooit meer insig kan gee.

3. Posisie van die gedig in die bundel

Die gedig 'Vir Elisabeth' is, soos baie ander *Tristia*-gedigte trouens, telkens rondgeskuif in die talle inhoudsopgawes wat Louw van sy bundel gemaak het. Tydens die beplanningsfases het die gedig opvallend genoeg geswerf van aanvanklik voor in die algemene 'Verse'-afdeling waar dit oorspronklik was totdat dit uiteindelik as nommer XXXVI (36) in die afdeling 'Elegiese verse' tereggekome het. Hierby enkele voorbeelde van verwysings na die gedig in die manuskripteboeke.

4. Uit die manuskripteboeke blyk dat daar klein variante van die gedig was.

Maar die variante wil ek vanaand slegs aanstip. Dit val byvoorbeeld selfs op dat Louw Eybers se voornaam soms met en soms sonder 'n *h* spel. Ook word die woord *uit* steeds sterker aangeset, en die woord *saam* verander in *saampies*.

Die mees definitiewe vorm van 'Vir Elisabeth' in Louw se handskrif is opvallend genoeg op 'n vel **lugpospapier**. Dit is in 'n manuskripboek vasgeplak met die randjie van 'n vel posseëls. Dit is die *enigste* ingeplakte gedig in sy werkboeke. Dalk wou Louw die gedig per lugpos aan Eybers stuur, maar het toe besluit om dit in sy manuskripboek te plak?

Was Louw in Amsterdam of in Johannesburg toe hy die gedig ingeplak het; was dit dus voor sy vertrek vanuit Amsterdam Wits toe in Julie 1958? Of was dit eers daarná toe hý in Johannesburg was en Eybers in Amsterdam? Daar is geen bedankingsbrief van Eybers in die Louw-versameling wat opheldering sou kon gee nie.

5.1 Die opdrag-kwessie – ivm stilte

Waarom sou Louw hierdie gedig aan Eybers opgedra het? Waarom veronderstel Louw dat die kwessies wat hy hierin aansny ook vir Eybers van belang is? Ek wil beweer dat Louw met sy 'Vir Elisabeth' 'n *ars poetica*-gedig geskryf het oor die spesiale geroepenheid van digters, oor sy en Eybers se gedeelde behoefte aan aandagtigheid en stilte. Verder betoog die gedig ten slotte dat die aandagtigheid en stilte so ingeslyt kan wees dat dit ook weer losgelaat moet word.

Stilte as inspirasiebron vir kunstenaars, filosowe, teoloë en mistici is van alle tye. In die ban van die stilte vloei meditatiewe, estetiese en religieuse dimensies in mekaar oor. Stilte kan opgevat word in sy mees letterlike betekenis, dus as afwesigheid van geluid of beweging, maar veral ook ruimer, as louter swye, afgesonderd wees, verlate, eensaam, 'verzonken' of selfs verhewe wees, in 'n staat waarin jy kontak maak met wie jy 'eintlik' is. Alhoewel stilte baie gesigte het, is die belangrikste kenmerk daarvan dat dit vir 'n kunstenaar 'n absolute

voorwaarde vir skeppende energie is, dat dit tot nuwe dinamiek en beweging kan lei. Soms word stilte as 'n misterie ervaar, iets waarvoor die menslike verstand geen konsepte het nie. Skrywers soos Martin Buber, Emanuel Levinas en Harold Kushner het onder andere hieroor geskryf.

Sowel Louw as Eybers se dikwels geartikuleerde behoeftes aan stilte is bekend. Louw het byvoorbeeld openbare geleenthede gehaat en ook soms doelbewus vriende vermy. So skryf hy in 1940 vir Truida: 'Hierdie afsondering van my kan miskien vir my vriende onplesierig wees en alleen nartig lyk, maar godweet, ek het dit nodig.' (Steyn 298). Te midde van sy universiteitswerk, redaksiewerk en opdragwerk, sowel in Kaapstad as Amsterdam, moes hy veg vir alleentyd. Later in Johannesburg het Broederbond-vergaderings en politieke betrokkenheid as ekstra verpligtinge bygekom. Louw het besef dat stilte alleen hom nie beskore was nie. So skryf hy in gedig 'VI' van *Tristia* se 'Elegiese Verse': 'ons aard is gemeng [...] luidheid of stilte; is ewe vertrouwd' (VG 291).

Om Eybers heen het vroeg reeds 'n aura van kluisenaarskap gehang. In onderhoude het sy gesê: 'Ek vermy soveel moontlik vergaderings en sosiale gebeurtenisse'. Ook: 'Om 'n gedig te skryf moet jy in staat wees om urelank niks te doen nie. Dink, broei en wag.' In 'Bede' (VG 103) uit *Die ander dors* uit 1946 het sy al geskryf:

Laat my nog hierdie eensaamheid
se onontgonne dieptes peil
en stil word soos 'n donker kuil
waarbo die maan se volheid hang
totdat ek, roerloos en bereid,
die ongebroke glans mag vang,
gedrenk mag word in helderheid.

In 'Op die kruin' (VG 136) uit *Die helder halfjaar* (1956) word beskryf hoe 'man en kind [...] / na die blink woeling weggesleur [word]'. Dan is 'die vrou alleen. En vry/ om weer die steilte uit te klim'; die vrou wat 'niks *soeter* vra as eensaamheid' (my kursivering). Op haar begrafnis het haar dogter Jeanne vertel dat sy dikwels alleen tuis wou bly as die gesin uitstappies onderneem het.

As jy in die ban van iets is beteken dit dat jy daardeur in beslag geneem word, daardeur betower is. Soos wat in die gedigte van sowel Louw as Eybers te sien is, was 'n posisie in die ban van die stilte vir hulle noodsaaklik; die posisie is hulle toebedeel. Maar dan gebruik Louw tot drie keer toe die woord *uit*: 'uit die ban van die stilte uit'. Sou Louw bedoel dat jy weer uit die stilte moet kom om te kan skryf? Of dat jy moet leef om weer te kan stil word en te kan skryf? Sou dit wees wat Louw bedoel het met dat die *ons* uit uit die ban van hulle besondere, toebedeelde stilte uit moet tree? Dat hy dit vir Eybers toewens? Dat daar in die gedig dus tog iets meeklink van 'n moontlike en baie persoonlike aanleiding, iets soos die herkenning van verliefdheid by Eybers?

Vir my is die kern van die gedig die stilte wat al in die eerste reël genoem word en twee keer weer in die slotstrofe. Aan die einde van die eerste lang strofe word die stilte nader gepresiseer: hulle soort stilte is 'besonder', dit is 'toebedeel'. Die stilte kom soos 'n hond

ongevraag na jou toe; is soms ongeskik, dring homself aan jou op. Wanneer jy ouer is, is jy gewoon aan die uitsonderlikheid daarvan - dan is dit ewe seer deel van jou as digter se menslikheid as ander dinge.

Die stilte waarvan Louw praat is die **eensaamheid, fokus en konsentrasie** wat 'n skeppende persoon nodig het. Dis nie iets wat jy kan bestel of naderroep nie. Die sentrale metafoor wat Louw gebruik om die stilte mee te beskryf is dat dit soos 'n hond is wat tydens 'n treinreis in die agterste wa sit. Die hond in die trein is so 'n vreemde beeld dat ek ure plesier gehad het om in die Steyn-biografie op soek te gaan na honde en treinreise. En sowaar: alhoewel Louw meer 'n katmens was, het hy ook honde gehad. In Kinrossweg het die Louws drie *honde* gehad, twee skipperkes en 'n bokser met die naam Leo; ek het gewonder of hy ook vir hulle daar op die erwe in Parkview en Linden 'siebie' gesê het.

Louw het verder ook besonder baie trein gery. Reeds in sy skooldae was daar treinreise in albei rigtings tussen Matjiesfontein en die Kaap, ook in sy universiteitsjare, maar dan in omgekeerde rigting om familie en 'n eerste nooi te gaan kuier. Nadat hy geskei is van sy eerste vrou Joan het hy gereeld trein gery Windhoek toe om hulle kinders Nakkie en Ria te sien. In Europa het hy ook baie trein gery. Ook Eybers het treinry eerstehands geken. Vakansietye het die Eybers-gesin dikwels uit die Wes-Transvaal Kaap toe trein gery. In haar gedig 'Siek' (VG 486) vertel sy van 'n droom:

ek staan onsigbaar op die kaal perron
van 'n stasie uit my kindertyd en wag
op 'n trein wat oor die bossiesveld sal hort

5.2 Die opdrag-kwessie - 'n verband met die jare veertig

My speurtog na raaiselagtighede ivm 'Vir Elisabeth' het my op die spoor gebring van 'n onderbroke lyn in Louw se werk wat volgens my kennis nog nie eerder raakgesien is nie. Ek meen daamlik dat daar 'n verband is tussen 'Vir Elisabeth' en die kreatiewe impasse waarin Louw kort voor sy vertrek uit Kaapstad was. Hy het in die Kaap toe nog 'n plan gehad om 'n hele reeks sonnette te skryf waarin hy sy denke oor die taak van die digter en sy kunsopvatting wou omskryf. Hy wou die sonette dan elkeen aan 'n bepaalde vriend of digter rig. Die mense aan wie hy die sonnette wou opdra, was Martin (Versfeld), Dirk (Opperman), Uys (Krige), Truida (sy vrou), Fred (le Roux), Elisabeth (Eybers), Jan (Greshoff), Jany (A. Roland Holst) en Jacques (Bloem). Min het destyds van die voorneme gekom.

Van die voorgenome reeks is net twee sonnette voltooi: 'Ek ken my hart en weet hoe boos hy is' en 'Van God durf ek skaars praat: ek ken Hom min'. Hulle is onder die oorkoepelende titel 'Die ambag' (as onderskeidelik nommers I en II) in *Nuwe Verse* in 1954 gepubliseer (sien *Versamelde gedigte*, 171). In die manuskrip is hierdie sonnette opvallend genoeg egter opgedra aan twee heeltemal ánder digters as die oorspronklike groep mense wat Louw aanvanklik as ontvangers van opdraggedigte beplan het: 'Ek ken my hart' aan sy broer Gladstone en 'Van God durf ek skaars praat' aan Totius. In die gepubliseerde weergawe is die opdragte egter weggelaat sodat geen verband gelê word met diegene vir wie die gedigte aanvanklik bedoel was nie. Dit is oorwoë sonnette waarin die digterlike ambag sentraal

staan, soveel so dat 'Van God durf ek skaars praat' tydens Van Wyk Louw se rouidiens in die N.G. Kerk, Vyfde Straat, Linden as slotgebed deur sy swaer ds Willie Huyzers voorgelees is (Steyn 1137).

Volgens Steyn het die beplande verse vir Opperman, Versfeld en Krige fragmente gebly en die ander is, weer eens volgens Steyn – wat die inligting in Kannemeyer se profiel oor Louw in sy *Literatuurgeskiedenis* gevind het – nooit geskryf nie. In Louw se *Tristia*-werkboek het ek egter wél 'n kort gedig aangetref met bokant dit 'Vir D.J.O.' in potlood geskryf. Die gediggie is in *Tristia* opgeneem, maar sonder die opdrag, en die eerste reël het verander van 'Ek sal min sê' na 'Ek sal niks sê nie' (VG 232). Dit is as gedig II in die Verse-afdeling van *Tristia* opgeneem.

Ek sal niks sê nie.
Alles wat gesê word, is gesê.
Lank voor ons vol was,
kon iets ons maagdom hê.

Ons is die herhaling
eindelose desimaal
maling en desimaling

Ek van die desimaal
ek wil die end haal.

Dit wil vir my nou voorkom of Louw dus tog sy belofte aan homself uit die jare veertig om 'n aantal kunsteoretiese gedigte aan vriende op te dra, méér nagekom het as waavor Kannemeyer en Steyn hom krediet gee. Volgens wat ek kan agterkom het die talle eksegete van Louw se werk nog nooit opgelet dat daar 'n verband is tussen Louw se Kaapse voornemens en 'Ek sal niks sê nie' en ook 'Vir Elisabeth' nie. Tensy ek, as *babe in the Louwoods*, op die verkeerde plekke gesoek het. Die kort gedig vir Opperman (9 reëls) én die langer een vir Eybers (34 reëls) is weliswaar nie sonnette nie en Opperman s'n bowendien ge-anonimiseerd, maar volgens my is hierdie gedigte dan tog 'n uitwerking van Louw se Kaapse voorneme uit die laat jare '40 om sy denke oor die taak en ambag van die digter in gedigte op te dra aan mededigters.

Om op te som: **'Vir Elisabeth' verskil van die twee geanonimiseerde 'Ambag'-sonnette** wat vir Gladstone en Totius bedoel was, én van die latere Opperman-gedig deurdat dit so baie spesifiek en duidelik aan Eybers opgedra is. Waarom Louw so spesifiek vir háár by name genoem het, bly opmerklik. Dalk is dit omdat Eybers in dié tyd óók belangrike en qua strekking byna soortgelyke gedigte geskryf het en dat Louw dus pertinent met haar in gesprek wou tree, en dan nie net in die binnekamer van sy werkboeke nie, maar juis ook in die openbare ruimte van sy bundel. Dit kan wees dat hy haar gedig 'Behoud' (VG 166), die eerste gedig in haar bundel *Neerslag* (1958), selfs as 'n antwoord op sy eie twee 'Ambag'-gedigte in *Nuwe verse* beskou het. Ook 'Voorbereiding' (VG 167) is immers 'n gedig oor die digterlike ambag én oor die voorwaardes wat nodig is om te kan skryf:

Wees ledig en gereed,

ondig, deurdringbaar, [...]
Kyk, wees verwonderd, wag,
wag en ontvang tot jy katalisator is,
smeltkroes van alchemis,
van elke verband bevry.

Dit wat Eybers beskryf as ledigheid en gereedheid, as ondigtheid en deurdringbaarheid, as verwondering en afwagting, is myns insiens presies die soort stilte waaroor Louw in 'Vir Elisabeth' skryf. Louw gee erkenning daaraan deur in tipies *Tristia*-styl, in 'n gedig wat krioel van leestekens en uitweidings, 'n byna frivole, absurde en selfs banale variant op die tema te skryf wat albei 'n lewe lank sou boei.

Ek wens hierdie gedenklesing was 'n werkcollege sodat u hardop saam met my kon dink oor alles wat vir my steeds ontwykend bly. Ek moet erken dat ek ondanks my fassinatie met die gedig nooit die betowerende moment beleef waarop 'n gedig ineens heeltemal helder kan word om dan weer geheimsinnig toe te vou op homself nie. Want dis wat 'n goeie gedig myns insiens altyd doen. Louw sal nooit my lyf digter kan wees soos wat Eybers, of Szyborska dit vir my is nie. Dat N.P. van Wyk Louw egter fassinerend is, het sekerlik weer vir my duidelik geword.

Ik heb gezegd.

Bibliografie

Eybers, Elisabeth. 2004. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.

Eybers-briewe in die Dokumente-afdeling, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

Jansen, Ena. 1998. *Afstand en verbintenis*. Amsterdam: Amsterdam University Press.

Louw, N.P. van Wyk. 2002. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers en Human & Rousseau.

Louw, N.P. van Wyk. *Tristia*-werkboeke in die Dokumente-afdeling, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch.

Steyn, J.C. Van Wyk Louw. 1998. *'n Lewensverhaal. Dele 1 en II*. Kaapstad: Tafelberg.

¹ ZASM is die afkorting van 'n instelling wat nog te make het met Paul Kruger se Boererepubliek. Die Nederlands Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatschappij het baie geld in die ou Zuid-Afrikaanse Republiek verdien met die aanlê van spoorlyne. In die Boereoorlogtyd moes hierdie aktiwiteite stopgesit word maar uiteindelik het baie van die geld tog in Nederland tereggekóm. Die naam van die Spoorwegmaatschappij is toe verander na die Zuid-Afrikaanse Stichting Moederland. Ander instansies wat dekades lank al huisvesting aan die Keizersgracht 141 het is die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV - in 1881 gestig), die Stichting Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten (SSF – gestig in 1885) en die Stichting ter bevordering van de studie van taal, letterkunde, cultuur en geschiedenis van Zuid-Afrika (opgerig in 1932; hieronder val ook die Suid-Afrika Instituut wat die biblioteek en die leerstoel beheer).

² Vir sowel Nederlanders as Suid-Afrikaners is dit al negentig jaar lank die vergestaltung van die verbintenisse tussen twee lande met 'n komplekse geskiedenis. Vir baie Suid-Afrikaners is dit 'n geliefde plek omdat hulle aan die lang tafel sit en navorsing gedoen het, oor beurse of reisreëlings gaan praat het met direkteure soos die jonkheer KEO von Bose of dr. Sief Veltkamp-Visser wat albei dekades lank aan die Huis verbonde was..

³ In April 2002 het ek met my eerste lesingreeks begin en 'n jaar later my orasie gehou.

⁴ In Louw se tyd is die huis nog 'De Dubbele Arend' genoem en later die Van Riebeeckhuis. Louw het 'n kantoor in die Zuid-Afrika Huis gehad en meestal, soos ook ek dekades later, sy klasse daar gegee.

⁵ Enkele jare gelede wou die ZASM-bestuur die Zuid-Afrikahuis verkoop. 'n Paar van ons het dit onverteerbaar gevind. 'n Herinneringsplek soos die Zuid-Afrika Huis is immers nie net Nederlandse besit waarvoor 'n toevallige aantal bestuurslede kon besluit nie. Om die dringende restaurasie en modernisering te bekostig was hulp nodig en Suid-Afrikaners moes bewus gemaak word van die noodsaak om betrokke te raak. Daar was dadelik baie steun en uiteindelik het Naspers daadwerklik in die persone van Koos Bekker en Ton Vosloo uitkoms gebied. In Maart 2014 is 'n spesiale ooreenkoms onderteken tussen ZASM en 'n Naspers-afdeling genaamd DieBurger Zuid-Afrikahuis (DBZA). Die verbouing van die Huis het sopas begin en na verwagting sal dit weer oor 'n jaar toeganklik wees. Dit is 'n stukkie Suid-Afrika in Amsterdam wat ons op 'n besondere manier in verbinding stel met die verlede, met mense soos Louw en Eybers. As onvervangbaar kultureel erfgoed sal dit nou vir volgende generasies 'n ruimte van betrokkenheid en kontinuïteit bly in die steeds wisselende verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika.